# HOOFSTUK 11

## *VEREENIGING SE KULTURELE-ONTWIKKELING: DIENS-ORGANISASIES*

## 11.1 INLEIDING

Sedert 1882 het die gemeenskap van Vereeniging mettertyd tot op 'n vlak ontwikkel waar sosiale behoeftes 'n belangrike element in die kultuurlewe gevorm het. Die behoefte aan dienslewering het hieruit voortgespruit. Diensorganisasies het gevolglik ontstaan.

Die ekonomiese omstandighede van die gemeenskap het ook 'n invloed op diensorganisasies uitgeoefen. In Vereeniging se kultuurlewe het dienslewering sedert die vroegste dae 'n belangrike rol gespeel, aangesien daar veral gepoog is om die kultuurvlak van die gemeenskap te verhoog. Die belangrikste dienslewering het deur die plaaslike owerheid[1], polisie, onderwysdienste, sport en ontspanning en verskeie ander diensorganisasies wat gestig is, plaasgevind. Die dienste van die plaaslike bestuur het verskeie diensorganisasies in staat gestel om 'n bydrae tot die verhoging van die lewenskwaliteit van die inwoners te maak.

## 11.2 DIE ROL VAN DIENSORGANISASIES

Sedert Vereeniging se stigting was daar talle diensorganisasies in Vereeniging werksaam. In die verband kan die volgende organisasies byvoorbeeld vermeld word: die Suid-Afrikaanse Vroue Federasie (SAVF), die Vroue-Landbou-Unie (VLU)[2], Familie- en Huweliksvereniging van Suid-Afrika (FAMSA), LIONS, Memorable Order of Tin Hats (MOTH), Rotary Klub, Rotary Ann Klub en die Round Table.[3]

Die Rotary Klub van Vereeniging het byvoorbeeld gehelp met inligting oor moontlike beroepe en ook finansiering van uitruilstudente.[4] Die Rotary Ann Klub wat reeds gedurende 1946 gestig is se leuse was "Service above self". Hulle het verskeie donasies aan Kreupelsorg, Henry Bernstein Chest Hospital, Tape Aids for the Blind, Kankerfonds, en die

---

1 Kyk hoofstuk 6, pp.171 e.vv.

2 Kyk hoofstuk 7, p.236 vir meer besonderhede.

3 Vgl. ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 13 May 1955: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 18 February 1955: report.

4 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 2 August 1974: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 18 December 1981: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 9 January 1981: report.

Laingsburgfonds geskenk. Die organisasie het ook saam met die Lions en die Round Table gewerk om fondse vir gemeenskapsprojekte bymekaar te maak.[5]

Vereeniging se Round Table het heelwat projekte in belang van die kultuurverhoging van Vereeniging se gemeenskap aangepak. Die Carols by Candlelight wat die Round Table gewoonlik by Vosloopark gereël het, was gewilde byeenkomste wat deur tot sowat 3 500 mense bygewoon is.[6] Die Round Table het ook die Transvaalse Raad vir die Uitvoerende Kunste (Truk) Balletgroep na Vosloopark vir optredes gebring.[7]

Teen die sewentigerjare was dit duidelik dat die diensorganisasies in Vereeniging se werksmetode daarop gerig was om gemeenskapsdiens te lewer. As diensorganisasies wel op die terrein van primêre beroepsmatige dienste beweeg het, het hulle dit in samewerking met welsynsorganisasies gedoen.[8] Indien probleme soos byvoorbeeld jeugmisdaad of huweliksprobleme opgemerk is, het die diensorganisasies wel pogings aangewend om te help.[9]

Diensorganisasies het met allerlei fondsinsamelingspogings gepoog om geld vir gemeenskapsprojekte bymekaar te maak. Die geld is aan mense of instansies geskenk wat iets aan hulle probleme kon doen. Die Lions het byvoorbeeld aan mense wat aan allergieë gely het metaalhangertjies voorsien.[10]

Gedurende die laaste dekade het diensorganisasies ook heelwat veranderinge as gevolg van politieke omstandighede beleef. Nuwe kultuursituasies het ontstaan waarby diensorganisasies moes aanpas.

Van die belangrikste diensorganisasies wat gedurende die laaste fase ontwikkel het was organisasies soos die Suiderkruisfonds en die Streekontwikkelingsvereniging (SOV). Hierdie diensorganisasies het in die veranderde omstandighede belangrike dienste gelewer.

---

5 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 31 July 1981: report.

6 Vgl. *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 25 December 1981: report.

7 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 28 September 1981: report.

8 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 3 November 1972: report.

9 Vgl. LIONS, Vereeniging, Notules, 1985-1990.

10 Vgl. LIONS, Vereeniging, Notules, 1987.

Die Suiderkruisfonds se doelstellings was om morele, materiële en ander steun te verleen aan lede van die Suid-Afrikaanse Magte wat diens verrig het.[11]

Die SOV van die Vaaldriehoekse metropolitaanse gebied se belangrikste funksies is soos volg:

- die oordra van versamelde kennis aan belanghebbendes;
- die bekendmaking en verduideliking van ontwikkelingsprogramme;
- voorligting met die oog op doeltreffende gemeenskapsontwikkeling.[12]

Die ekonomiese vlak van die gemeenskap van Vereeniging het gewissel en dit het 'n invloed op die kultuurvlak van die gemeenskap gehad. Die polisie is in hierdie opsig 'n belangrike diensorganisasie aangesien dit orde en stabiliteit in die gemeenskap moes help bewerkstellig.

## 11.3 DIE ROL VAN DIE POLISIEMAG

Die polisie is 'n sentrale owerheidsdiens wat in die eerste plek daargestel is om wet en orde te handhaaf.[13] Die polisie moet die ekonomiese vlak beskerm en daarmee die kultuurvlak van die mens, deur voorkoming van misdaad en die handhawing van wet en orde op alle terreine.[14]

Sedert die aanstelling van die eerste twee berede polisiemanne in Maart 1892 was daar nie 'n voldoende polisiëring in Vereeniging nie. Gedurende 1920 het die polisiesersant se huis op die hoek van Voortrekker- en Stanleystraat terselfdertyd as polisiekantoor gedien. Die blanke sowel as die swart konstabels het in rondawels op hierdie perseel gewoon. Dié polisiestasie het die dorp vir ongeveer 50 jaar gedien.[15]

Die daaglikse pligte van hierdie polisiekorps was om wet en orde in Vereeniging te handhaaf.[16] Gedurende hierdie tyd moes die polisie sorg dat die swart mense elke aand om nege uur uit die blankes se dorpsgebied na die swart woongebiede onttrek. Al die swart

---

11 Suiderkruisfonds, Grondwet van die Suiderkruisfonds, 23 Februarie 1977; Suiderkruisfonds, Jaarboek, 1982.

12 Vgl. SOV, Notules, 1985.

13 *Vereeniging Recorder*, 22 June 1939: report; *Vereeniging News*, 6 April 1945: report.

14 *Vereeniging News*, 1 March 1946: report; *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 21 July 1967: report.

15 H. Stander, *Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging* ..., pp.10,11.

16 *Vereeniging Recorder*, 5 October 1939: report.

mense kon slegs met 'n geskrewe pas van hul werkgewer, toestemming verkry om na nege uur in die blanke woongebiede te wees.[17]

Die polisie se take het met die jare steeds vermeerder.[18] 'n Belangrike ontwikkeling op hierdie gebied is dat die Transvaalse dorpe van die Vaaldriehoek deur een polisiedistrik bedien word. Dit word die Vereenigingdistrik genoem, met sy hoofkwartier op Vereeniging.[19] Gedurende hierdie jare is 'n polisiekantoor op Vereeniging gevestig met 'n volwaardige distrikshoofkantoor en 'n volle kolonel as distrikkommissaris in beheer. Die grense van hierdie polisiedistrik omsluit Vereeniging se munisipale grense en nabygeleë dorpe, asook gebiede soos die Barrage, Vanderbijlpark, Sharpeville, Sebokeng, De Deur, Kliprivier, Meyerton, Evaton en Orange Farms.

Hierteenoor vervul die gevangenis in Vereeniging ook 'n streekfunksie, aangesien prisoniers nie slegs Vereeniging nie, maar ook die gebiede van Sharpeville, De Deur, Sebokeng, Vanderbijlpark, Sasolburg, Barrage, Meyerton, Kliprivier en Viljoensdrift moes bedien word.[20]

Gedurende die tagtigerjare is die polisie se werksaamhede in 'n groot mate deur verskeie faktore nadelig beïnvloed. Die politiek, wat 'n invloed op die kulturele omstandighede in die land gehad het, het ook die rol van die polisie in Vereeniging beïnvloed.[21] Die politieke beleid in Suid-Afrika het aan die blanke die geleentheid gebied om sy kultuur in 'n groot mate te beskerm. Hierdie kultuurpatroon het die swart mense verbitterd gelaat omdat hulle deur byvoorbeeld die paswette van hulle bewegingsvryheid ontneem is.[22] Die meeste van die vroegste misdade het byvoorbeeld oor die verbreking van die paswet gehandel.[23]

Die aard van Suid-Afrika se samelewing is ook deur 'n teenstrydigheid tussen rykdom aan die een kant en armoede aan die ander kant gekenmerk.[24] Hierdie kontras het die swart mense ontevrede gelaat omdat die armoede hulle persoonlik geraak het. Die swart mense

---

17 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, pp.40-42; ***Vereeniging News***, 6 April 1945: report.

18 ***Vereeniging News***, 18 October 1940: report.

19 A. Nieuwoudt, ***Die Vaaldriehoek as verspreide ...***, p.264; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 21 July 1967: report.

20 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om ...***, p.69.

21 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 21 November 1969: report.

22 T.R.H. Davenport, ***South Africa: a modern history***, pp.530 et sqq.

23 TAB, Pretoria, SP, band 50: verslag, J.S.N. Hugo, 17 Augustus 1894.

24 H. Mashabela, ***Townships of the PWV***, p.128.

het geglo dat hulle swak ekonomiese posisie 'n direkte gevolg was van die apartheidsbeleid.[25]

Die beleid van afsonderlike ontwikkeling het Suid-Afrika die sondebok van die wêreld gemaak. Dit het die land ook in 'n kruitvat van rassekonflik omskep.[26] Hierdie omstandighede het veroorsaak dat die onrus in die swart woonbuurte die polisie se werksaamhede gedurende die laaste dekade oorheers het.

## 11.4 DIE ROL VAN DIE ONDERWYSDIENSTE

Die diens wat deur onderwysinstellings gelewer word het onteenseglik 'n belangrike rol in die kultuurontwikkeling van die gemeenskap van Vereeniging gespeel.[27]

### *11.4.1 DIE PLAASSKOLE*

Soos reeds genoem het die Voortrekkerkinders geen formele onderwys ontvang nie. Die ouers het die onderrig van die kinders self waargeneem. Dit was veral die onderrig van godsdiens wat baie aandag geniet het. Die Bybel was dan ook die belangrikste riglyn waarvolgens die kind onderrig en opgevoed is. Daar was wel onderwysers wat rondgetrek het en van plaas tot plaas die kinders onderrig het. Daar was ook van dié onderwysers wat saam met die verskillende trekgeselskappe getrek het en dan die onderrig van al die kinders in die trekgeselskap waargeneem het.[28]

Soos elders in die land het daar ook plaasskole in Vereeniging en omgewing voorgekom. Die vroegste skool in Vereeniging se omgewing is in die jaar 1882 op Kliprivier onder die beheer van N.H. Pannevis gestig. C.L. Neethling het op 21 November 1882 die Superintendent van Onderwys namens die Skoolkommissie versoek dat 'n hulponderwyseres vir sang en Engels aangestel word. Sy sou teen 'n salaris van £90 per jaar vanaf 25 Januarie 1883 aangestel word.

Ds. Van Warmelo gee op 14 Augustus 1883 kennis dat die skool op Kliprivier skielik gesluit het, aangesien die heer C.L. Neethling die gebou as 'n winkel gebruik en daar geen ander skoolgebou beskikbaar was nie. Die leraar het ook vermeld dat twee onderwysers, naamlik

---

25 H.W. van der Merwe & R.A. Schrire (Eds.), ***Race and ethnicity: South African and international perspectives***, p.211.

26 H. Viljoen, "Die prys", ***De Kat***, vol. 2, no. 10, 2 Mei 1987, p.20.

27 ***Vereeniging Recorder***, 21 September 1939: report.

28 J. Chr. Coetzee (red.), ***Onderwys in Suid-Afrika, 1652-1960***, pp.281,282.

mnre. Pannevis en Bosman aan die skool verbonde was. In November 1984 neem sake weer 'n gunstige wending aangesien die skool weer in hierdie omgewing geopen is.[29]

Teen 1891 was daar alreeds agt plaasskole in Vereeniging se omgewing. Naas die skool op Kliprivier het die volgende plaasskole gedurende die periode 1882 tot 1891 in Vereenigingse distrik voorgekom: Nooitgedacht, Hartzenbergfontein, Kookfontein, Slangfontein, Vlakfontein, Schoongezicht en Alewijnspoort wat die enigste Christelik-nasionale skool in dié omgewing was.[30]

Sommige van hierdie skooltjies het 'n sukkel bestaan gevoer. Baie van die kinders moes van ver aangery word om hierdie skooltjies by te woon. Hierdie kinders het gewoonlik met perde, donkies, fietse en perdekarre na die skole gereis. Die onbegaanbaarheid van paaie veral gedurende reënseisoene het ook die kinders se bywonings beïnvloed. Daar was ook ouers wat dit ook finansieel nie kon bekostig om die kinders so ver skool toe te vervoer nie.[31]

Al was die ouers in hierdie tydperk nie begerig om die kinders in Engels te laat onderrig nie, wou hulle nogtans verseker dat hulle 'n deeglike en breë opvoeding in die ander skoolvakke verkry. Daarom is 'n hele reeks boekies in hierdie skole gebruik. Die onderstaande lys van boeke kan as verteenwoordigend beskou word van die boeke wat in alle plaasskole van daardie tyd gebruik is. Die Bybel en Kinderbybel is ook as handboeke, selfs vir st. 1-klasse gebruik:

<u>Lys van boeke wat gebruik is</u>

| | | |
|---|---|---|
| H. te Winkel | : | Geschiedenis dos Vaderlands. |
| E.J. Veenedaal | : | Allerlei Proza en Poëzie. |
| E.J. Veenedaal | : | Uit het Dolfstaffeurijk. |
| P.J. Kloppers | : | Leesboek voor de middelste klasse, Bekoken en Nelusten. |
| J.A. van Dyk | : | Leerboekje der Nederlandsche Spraakkunst. |
| R. Visser | : | Het eerste leesonderricht. |
| F. Bruins | : | De Praktiese Taalmeester. |
| | | Skoolboekjes der Ned. Herv. Diak. Scholen Rekenboek. |

---

29 J.H.H. van Wyk, ***Die ontwikkeling van die onderwys*** ..., pp.25,26.

30 J.H.H. van Wyk, ***Die ontwikkeling van die onderwys*** ..., p.26.

31 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, pp.53,54.

| | | |
|---|---|---|
| P. Best | : | Tijdtafel der Geschiedenis van het Vaderland. |
| P. Best | : | Grondbeginselen der Aardrijkskunde. |
| F. Gulbelling | : | Geschiedenis der Nederland. |
| P.H. Giest | : | Chronologisch overzicht van de Geschiedenis des Vaderlands. |
| F.A.R. Svoltering | : | Rekendundige Opgaven. |
| J. van Zanten | : | Ons Vaderland. |
| P.R. Bos | : | Atlas voor de Volkschool. |
| | : | Uw en Mijn Cijferboekje. |

Aan die einde van 1898 het die volgende skole in die distrik Heidelberg, wat Vereeniging ingesluit het, voorgekom:

(1) Permanente skole : 1 dorpskool

(2) Skole geopen in 1898 : 9 plaasskole

Dit wil voorkom asof die skole 'n baie wisselvallige bestaan gevoer het en of hulle lewensduur maar van korte duur was. Aan die einde van 1898 het die volgende skole, wat as permanente skole gereken is, in die Vereenigingse distrik voorgekom:

(1) Vlakfontein met D.C. Cronje as hoof.

(2) Alewijnspoort met S.G. Wiechers as hoof.

(3) Hartzenbergfontein met H.M. Muller as hoof.

(4) Faroosfontein met C.F. Hoogendijk as hoof.[32]

Na afloop van die Tweede Vryheidsoorlog het die volgende plaasskooltjies weer in Vereenigingdistrik geopen:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1902 | Oktober | - | Slangfontein |
| 1903 | Februarie | - | Vlakfontein |
| 1903 | Februarie | - | Witkop |
| 1903 | Maart | - | Hartzenbergfontein |
| 1903 | April | - | Schoongezicht |
| 1903 | Mei | - | Vlaklaagte |
| 1903 | Junie | - | Nooitgedacht[33] |

32 J.H.H. van Wyk, ***Die ontwikkeling van die onderwys*** ..., pp.29,30.

33 J.H.H. van Wyk, ***Die ontwikkeling van die onderwys*** ..., p.71.

## *11.4.2 ONDERWYSVOORSIENING IN VEREENIGING*

Nadat die inwonertal in Vereeniging gegroei het, het die vraag na 'n dorpskool al hoe groter geword. Verskeie pogings is aangewend om 'n dorpskool te verkry. Hoewel daar onderwysfasiliteite op Heidelberg en die Witwatersrand voorgekom het, kon die inwoners van Vereeniging waarvan die grootste gedeelte laag besoldigdes was, dit nie bekostig om hulle kinders uit die huis na opvoedkundige inrigtings op ander plekke te stuur nie. Al uitweg wat hulle gehad het was behalwe om die kinders self die nodige onderrig te gee, 'n skool plaaslik te probeer verkry.

Gedurende 1896 is vir die eerste keer 'n openbare vergadering in Vereeniging byeengeroep met die doel om 'n dorpskool vir blankes te stig.[34] Na vele onderhandelinge tussen die Resident-Vrederegter en die Superintendent van Onderwys is daar ongeveer twee maande voor die uitbreek van die oorlog, op 25 Julie 1899, erf 732 bekom waarop 'n skoolgebou opgerig kon word.

J.S.N. Hugo, die resident-vrederegter, wat as die voorsitter van die Skoolkomitee verkies is, het dadelik aan die werk gespring om die skoolgebou opgerig te kry. Hy het onmiddellik aansoek by die Hoof van Gevangenisse gedoen om die hulp van twee blanke messelaars, twee blanke timmermans en ses swartes vir handlangers te bekom, sodat daar met die oprigting van die skoolgebou begin kon word. Hierdie versoek is toegestaan, maar voordat daar met die bouery begin kon word het die Tweede Vryheidsoorlog uitgebreek. Die Skoolkomitee was genoodsaak om hierdie planne te staak.[35]

Gedurende die Anglo-Boereoorlog het daar egter weinig van hierdie vooroorlogse onderwysvoorsiening oorgebly.[36] Daar is egter gepoog om met die onderwys van die kinders voort te gaan.

Die Britse owerheid het verwag dat die oorlog slegs 'n paar maande sou duur. 'n Desperate poging om 'n einde aan die langdurige oorlog te maak en die boere tot oorgawe te dwing, was die sogenaamde verskroeide aarde beleid. Dit het die sametrekking van vrouens en kinders in konsentrasiekampe, die vernietiging van alle voedselvoorrade en die verbranding

---

34 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, pp.30,40.

35 J.H.H. van Wyk, ***Die ontwikkeling van die onderwys ...***, pp.37,38.

36 Nederduitse Gereformeerde Kerk Vereeniging, Inligtingstuk: driekwarteeufees, 13-15 Maart 1987, p.5.

van huise en alle bruikbare goedere op plase behels. Die gevolg was dat verskeie konsentrasiekampe op verskeie plekke opgerig moes word.[37]

In Januarie 1901 is die konsentrasiekamp op Vereeniging, op die noordelike oewer van die Vaalrivier, suidoos van die dorp gerig. Die kampskool is vier maande na die oprigting van die kamp ingestel. Die myn se onderwyser, A. Evans, het vir die kinders in die konsentrasiekamp, en vir die kinders van die dorp wat nie saam met hulle ouers gevlug het nie, klas gegee.[38] Hierdie onderwyser is op 26 Mei 1901 aangestel wat deur twee vlugtelingonderwysers as leerkragte bygestaan is. Teen die einde van 1901 was daar vyf onderwysers aan hierdie kampskool verbonde.

Teen 26 Mei 1901 het 100 leerlinge die skool besoek. Hierdie getal het in Maart 1902 tot 393 leerlinge gegroei. Daar is van tente as klaslokale gebruik gemaak. Later is ook 'n groot sinkvertrek aan die skool geskenk. Nog later is ook 'n stoeitent opgeslaan om in die huisvestigingsvraagstuk van die skool te voorsien. Die skool het soggens om 8:00 begin en tot 13:00 geduur. Slegs godsdiensonderrig, Engels, sang- en liggaamsoefeninge is gedurende hierdie tyd onderrig. Engels was deurgaans die medium van onderrig.

Die bywoning van die skool was nie verpligtend nie. Nie al die kinders kon die skool bywoon nie omdat hulle ook talle takies vir hulle moeders moes verrig. Verder was die kamp bewoners ook afsydig teenoor die Engelse en alles wat daarmee in verband gestaan het.[39]

Alhoewel die onderrigstelsel in die kampskole met die onderrigstelsel binne die republiek verskil het, het die kampskool nogtans sy waarde gehad. Die kampskole het onderwys en opvoeding aan kinders gebied wat dit andersins nie sou ontvang het nie. Verder het die kennis van Engels handig te pas gekom in die lewe wat na die sluiting van die vrede gevolg het. Kinders het ook nie heeldag in die kamp vir kwaadgeld rondgeloop nie. In November 1902 is die kampskool gesluit.[40]

Die behoefte aan die oprigting van 'n dorpskool het twee maande voor die opheffing van die kampskool weer sterk na vore gekom. Aan die einde van 1902 is daar aan hierdie behoefte voldoen. Daar is £1,500 toegestaan vir die oprigting van 'n skoolgebou wat groot genoeg

---

37 J.H.H. van Wyk, ***Die ontwikkeling van die onderwys*** ..., pp.41,42.

38 TAB, Pretoria, TOD, band 370/74, lêer D 1/86/5: verslag deur dr. Kendal Franks, Onderwysontwikkeling in die Transvaal, 1900-1963; A.J.G. Oosthuizen, ***'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal*** ..., p.123.

39 J.H.H. van Wyk, ***Die ontwikkeling van die onderwys*** ..., pp.63,64.

40 J.H.H. van Wyk, ***Die ontwikkeling van die onderwys*** ..., p.63.

sou wees vir 50 leerlinge. Erwe 721-723 en 730-732 is vir hierdie voorgestelde skool deur die regering afgestaan.

Intussen het die hoof van die kampskool, in November 1902 na die sluiting van die kampskool, die dorpskool met sowat dertig leerlinge heropen. 'n Kamer is aanvanklik vir hierdie doel gehuur. Dit was egter eers gedurende 1903 dat hierdie Vereeniging Town School of te wel die Selborne School as 'n permanente openbare skool in Vereeniging gestig is.[41]

In Februarie 1903 het mnr. D.R. (Daddy) Rees, die eerste hoof, en sy twee assistente vir die leerlinge, wat tot ongeveer 50 vermeerder het, in tente onderwys gegee. Die drastiese vermeerdering van die leerlinge kan waarskynlik toegeskryf word aan die kinders uit Meyerton se omgewing wat per trein na Vereeniging gereis het om die skool by te woon. Die medium van onderrig in hierdie skool was Engels.[42] Die skool was in hierdie bogenoemde tente gehuisves totdat T.N. Leslie die eerste permanente gebou opgerig het. Die bouwerk aan die nuwe skool is in 1904 deur Leslie vir £1,980 onderneem. Hierdie skoolgebou is met 'n luisterryke openingseremonie in diens geneem.[43]

Die mynmaatskappy het ook £250 vir 'n skoolgebou bygedra en het 'n verdere hulptoelae beloof. Teen Julie 1903 is 'n nuwe skooltjie, wat die naam van Vereenigingse Mynskool gedra het, op die terrein van die Mynmaatskappy, net buite Vereeniging opgerig.[44]

Gedurende 1904 was die algemene onderwystoestande in Vereeniging soos volg:

Tabel no. 11.1: **Onderwystoestande**

| SKOOL | HOEVEELHEID KINDERS | HOEVEELHEID ONDERWYSERS | GEMIDDELDE SKOOLBESOEK |
|---|---|---|---|
| Dorpskool | 28 | 3 | 64.8 |
| Mynskool | 14 | 2 | 42.8[45] |

Aanvanklik was daar probleme met vervoer van leerlinge buite Vereeniging se dorpsgrense, wat die dorpskool wou bygewoon het. Die opskorting van die treindiens tussen Vereeniging

41 Vereeniging Publicity Association, ***Vereeniging: hub of pulsing industrial activity***, p.15.

42 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 28 November 1980: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 21 May 1982: report.

43 H. Stander, ***Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging*** ..., p.61.

44 J.H.H. van Wyk, ***Die ontwikkeling van die onderwys*** ..., p.70.

45 J.H.H. van Wyk, ***Die ontwikkeling van die onderwys*** ..., p.73.

en Meyerton vroeg in 1904 het veroorsaak dat 17 leerlinge hulle bywoning van die dorpskool moes staak. Die treindiens is egter vroeg in 1905 heringestel. Hierna het die skool se inskrywings met 13 leerlinge toegeneem.[46] Nadat die eerste staalfabriek en kragstasie opgerig is het die ontwikkeling op onderwysgebied ook verbeter.[47]

Gedurende 1925 het Selborne skool 'n intermediêre inrigting geword.[48] In Januarie 1931 het die skool 432 leerlinge en 15 onderwysers gehad. Gedurende 1931 is dié intermediêre skool weer as die Selborne skool herdoop. Dr. Leslie het hierdie amptelike seremonie waargeneem.[49]

Handhawer skool wat as die "Afrikaansmediumskool" bekend gestaan het, het van die Selborne skool afgestig.[50] Handhawer skool het tot stand gekom as gevolg van die Afrikaner in Vereeniging se agitering vir moedertaal onderwys. In Januarie 1927 het die Onderwysdepartement na vele vertoë van die Afrikaanssprekendes besluit om 'n skool vir die Afrikaanse kinders te bou. Hierdie skool is gedurende 1928 betrek.[51] Gedurende 1927 is daar ook met middelbare klasse begin sodat die kandidate vir die matriekeksamen opgelei kon word.[52] Onderwysgeriewe was nie altyd na wense nie. Gedurende 1945 was die 713 leerlinge van Laerskool Handhawer byvoorbeeld onder moeilike omstandighede gehuisves. Drie onderwyseresse met 132 kinders was byvoorbeeld in een klaskamer gehuisves.[53]

Sedert 1945 het onderwysvoorsiening en -geriewe vir blanke kinders in Vereeniging vinnig ontwikkel. Daar is ook talle kleuterskole in Vereeniging gestig.[54] Mettertyd het daar ook heelwat naskoolse sentrums ontwikkel.[55]

---

46 R.L. Leigh, ***Vereeniging: South Africa***, pp.62-74.

47 ***Vereeniging Recorder***, 28 September 1939: report.

48 Stadsraad van Vereeniging, Inligtingstuk, 1950.

49 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 28 November 1980: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 21 May 1982: report.

50 ***Vereeniging News***, 14 December 1945: report.

51 ***Vereeniging News***, 14 December 1945: report.

52 ***Vereeniging News***, 14 December 1945: report.

53 ***Vereeniging News***, 3 August 1945: report.

54 ***Vereeniging News***, 2 August 1946: report.

55 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 11 May 1973: report.

In die hele Suid-Afrika en ook in Vereeniging is daar na die oorlog op die onderwys druk geplaas om vir die nywerheid mense op te lei.[56] Die kultuursituasie gedurende die sestigerjare was gekenmerk deur die belangrike rol wat al die verskillende onderwysinrigtings in die dorp gespeel het. Gedurende hierdie jare het die volgende laerskole onderwys in Vereeniging verskaf:

- Selborne school, wat deur medium van Engels onderrig aanbied.[57]
- Die Handhawer skool, wat deur medium van Afrikaanse onderrig aanbied.
- Unitas Park skool, wat onderrig deur medium van Afrikaans aanbied.[58]
- Roodstuine skool, wat onderrig deur medium van Afrikaans aanbied .
- Peacehaven skool, wat onderrrig op 'n parallel-medium basis aanbied.
- Die Holy Rosary convent, wat in die dorp geleë is, sowel as die Klooster in Drie Riviere, laat grootliks kinders in die laer klasse toe, met inbegrip van pre-primêre kleuters.[59]
- Duncanville skool, wat onderrig deur medium van Afrikaans aanbied.[60]
- Krugerlaan skool, wat onderrrig op 'n parallel-medium basis aanbied. Hierdie skool is ten volle met moderne masjinerie toegerus wat aan skoliere die geleentheid bied om in verskeie beroepe opgelei te word.[61]
- Milton school, is geleë in die voorstad van Drie Riviere en bied onderrig aan deur medium van Engels.[62]

---

56 Anon., "Suid-Afrika het 'n magtige nywerheidspotensiaal", ***Tegniek***, vol. 13, no. 2, Februarie 1961, pp.6-9.

57 ***Vereeniging News***, 1 December 1939: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 2 November 1962: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 19 November 1971: report.

58 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 22 July 1966: report.

59 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 28 June 1963: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 21 November 1969: report.

60 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 19 October 1956: report.

61 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 28 June 1968: report.

62 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 22 July 1966: report.

Sekondêre onderwys word deur die volgende inrigtings voorsien:

- Die Klooster in Drie Riviere het ook voorsiening gemaak vir onderrig aan skoliere wat begerig was om te matrikuleer.[63]

- Drie Riviere Afrikaansmediumskool, bied onderrig aan deur medium van Afrikaans.[64]

- Modern Commercial College, bied slegs kursusse in handelsvakke aan.

- General Smuts High School is 'n Engelsmediumskool.[65]

- Die Vereenigingse Afrikaanse Hoërskool het in 1940 met 'n personeel van 13 en 'n leerlingtal van 234 geopen.[66] Hierdie skool is die dorp se grootste onderwysinrigting. Daar is ook vir koshuise voorsiening gemaak.[67]

- Die Hoër Handel- en Tegniese skool. Fasiliteite vir beroepsopleiding, in beide die handels- en tegniese wêreld, word deur hierdie skool verskaf.[68] Vakleerlinge sluit aan by die verskeie plaaslike nywerhede, en maak gebruik van die geleenthede vir tegniese onderwys wat aan hulle verskaf word. Daar is ook koshuisgeriewe.[69]

- Die Tegniese Kollege wat se hoeksteen op 10 Augustus 1935 deur sy edelagbare, mnr. J.H. Hofmeyer, minister van Onderwys, gelê is en op 2 Oktober 1937 deur wyle dr. T.N. Leslie geopen is. Die Kollege het vir tegniese sowel as handelsopleiding voorsiening gemaak.[70]

---

63 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 28 June 1963: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 21 November 1969: report.

64 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 30 May 1975: report.

65 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 18 February 1955: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 4 December 1970: report.

66 Stadsraad van Vereeniging, Inligtingstuk, 1950; ***Vereeniging News***, 18 August 1939: report; ***Vereeniging News***, 14 December 1945: report.

67 Stadsraad van Vereeniging, Inligtingstuk, 1950; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 4 November 1960: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 2 February 1962: report.

68 ***Vereeniging Recorder***, 17 August 1939: report.

69 Stadsraad van Vereeniging, Inligtingstuk, 1950.

70 ***Vereeniging News***, 14 December 1945: report.

### *11.4.3 FAKTORE WAT DIE ONDERWYSONTWIKKELING SEDERT DIE SESTIGERJARE BEÏNVLOED HET*

Daar was gedurende hierdie jare verskeie probleme wat die kind se onderwys en opvoeding beïnvloed het. Die onderwys in Vereeniging word byvoorbeeld op 'n Christelike grondslag onderrig. Dit is ook deur wetgewing bepaal. Wet 39 van 1967, artikel 2(1)(a) het bepaal dat die onderwys wat in skole onder die provinsie aangebied word, 'n Christelike karakter moet hê. Alle leerlinge in die provinsiale skole van die Vaaldriehoek is deur hierdie wetgewing geraak.

Dwarsdeur die wêreld het daar mettertyd onrus en bekommernis oor die verskynsel van vroeë skoolverlating ontstaan, asook leerlinge wat nie in staat is om die skoolsituasie te bemeester nie. Daar is gevind dat werksgeleenthede vir die vroeë skoolverlaters ook sterk afgeneem het. Dit blyk dat in die Witwatersrand-Vaaldriehoekgebied slegs 33% van alle st. 6-leerlinge tot st. 10 deurdring het in vergeleke met 52% van Transvaal as geheel.[71] Daarby is ook gevind dat skoolstakers die skool as gevolg van swak prestasies verlaat het. Hulle het moeg geword vir skoolgaan omdat hulle geen vooruitgang met hul skoolwerk gemaak het nie.[72]

By sommige akademiese hoërskole aan die Witwatersrand-Vaaldriehoekgebied is daar slegs 4% tot 20% van die leerlinge in st. 6 wat matriek sou bereik.[73]

Die lewe van elke mens is ook aan verandering onderworpe. Gedurende die laaste dekade was daar ook invloed op die onderwys in die Vaaldriehoek. Materialisme wat deur die sterk nywerheids- en sakemilieu aangewakker word, het 'n nadelige invloed op die onderwys in die Vaaldriehoek gehad.[74]

Gedurende die sewentigerjare was daar steeds 'n tekort aan onderwysers in sekere vakke. Die rede vir hierdie tekort was dat die onderwysers in hierdie streek beter salarisse kon verdien. Daar was ook steeds die klag teen die onderwysstelsel naamlik dat daar 'n gebrek aan voldoende beroepsgerigte onderwys is.[75]

---

71 G. de Beer, *'n Ondersoek na milieu- en agtergrondfaktore wat verband hou met skoolstaking van sekondêre skoolleerlinge in die Witwatersrand-Vaaldriehoekgebied*, verslag no. MT-38, p.132.

72 W.C. Nieuwoudt, *'n Opvoedkundige ondersoek na affektiewe en persoonlikheidsfaktore van skoolstakers en nie-skoolstakers in die Witwatersrand-Vaaldriehoekgebied in verskillende stadia van hul'e onderwysloopbane* (ongep. M.Ed.-verhandeling, RAU, 1976), p.1.

73 W.C. Nieuwoudt, *'n Opvoedkundige ondersoek na affektiewe en persoonlikheidsfaktore van skoolstakers* ..., p.2.

74 H.F. Schroeder, *Huidige probleme van die onderwys en opvoeding* ..., pp.24,26.

75 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 9 October 1970: report.

Hierdie behoefte is veral op die onderwys van Vereeniging as industriële stad van toepassing. Daar is vervolgens benewens aan ander opleiding veral aandag aan tersiêre opleiding gegee. Tersiêre opleiding het vir Vereeniging en die Vaaldriehoek gedurende hierdie jare 'n noodsaaklikheid geword, aangesien daar aan die snel ontwikkelde tegnologiese vereistes voldoen moes word.[76] Hiervoor was opgeleide mannekrag nodig.[77] Met die vestiging van sekondêre nywerhede in die Vaaldriehoek het die behoefte aan gespesialiseerde beroepsleiers vir die gebied steeds groter geword.[78]

Reeds gedurende 1963 is die moontlikheid van 'n plaaslike universiteit al geopper.[79] Kenmerkend van hierdie jare was dat daar belangrike wisselwerking tussen opleidingsinstansies en die industrieë plaasgevind het wat nie onderskat kon word nie.[80]

Die Vereeniging Skoolraadgebied bestaan uit 17 skole met 'n totaal van 10 903 ingeskrewe leerlinge. Die Krugerlaan skool het 'n bykomende 606 leerlinge. Gedurende die tagtigerjare het daar ongeveer 8 353 dagskoliere by provinsiale skole in Vereeniging onderrig ontvang. Hierdie getal het uit 5 935 Afrikaanssprekende en 2 418 Engelssprekende leerlinge bestaan. Die Handel- en Tegniese skool het 'n inskrywing van 253 leerlinge in die handelsafdeling en 581 in die tegniese afdeling gehad. Gedurende die laat tagtigerjare het Vereeniging oor sewe primêre en twee sekondêre skole vir Afrikaanssprekende leerlinge en twee primêre en 'n sekondêre skool vir Engelssprekende leerlinge, beskik.[81] Die Eureka Sentrum vir spesiale kinders is ook 'n belangrike instelling.[82] Die Holy Rosary Convent maak vir onderrig tot matriek voorsiening.[83]

Die Hoër Tegniese skool in Duncanville is aan die begin van 1979 geopen en leerlinge is van die Hoër Tegniese skool in die dorp daarheen oorgeplaas. Gedurende die tagtigerjare het dr. G. van N. Viljoen, destydse minister van Nasionale Opvoeding, gesê dat as daar na die onderwysfasiliteite van die Vaaldriehoek gekyk word, dit duidelik is dat die aard van

---

76 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 7 April 1972: report.

77 P.W. Stoker & C.J. Taljaard (samestellers), *'n Nywerheidsperspektief ...*, p.346.

78 H.F. Schroeder, *Huidige probleme van die onderwys en opvoeding ...*, p.4; *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 5 March 1971: report.

79 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 29 June 1973: report.

80 P.W. Stoker & C.J. Taljaard (samestellers), *'n Nywerheidsperspektief ...*, p.346.

81 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 22 July 1966: report; *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 19 November 1971: report.

82 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 22 October 1971: report.

83 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 28 June 1963: report.

onderwysvoorsiening na tegniese onderwys beweeg.[84] Benewens die Handel- en Tegniese skool bestaan daar 'n private Handelskollege en word naskoolse kursusse vir vakmanne en tegnici by die Vaaldriehoekse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys aangebied.[85]

Altesaam 11 sekondêre skole bied onderrig aan leerlinge binne die munisipale gebied van Vereeniging. Dit is ses Afrikaanse, twee Engelse, een Indiër en twee swart skole. Hierteenoor is daar 30 primêre skole, naamlik 10 Afrikaanse, drie Engelse, een Indiër, een Kleurling en 15 swart skole.[86] Daar bestaan ook twee provinsiale kleuterskole, twee privaatskole en 14 privaatkleuterskole binne die Vereeniging Skoolraadgebied.[87]

Die gemeenskap van Vereeniging kan ook die opleidingsfasiliteite van die Tegniese Kollege, Vaaldriehoekse Technikon en die Vaaldriehoekkampus van die PU vir CHO benut.[88]

Die Sebokengkampus van die Vista Universiteit en die Sebokeng Onderwyskollege bedien ook die gemeenskap van Vereeniging.[89]

Uit die voorafgaande uiteensetting is dit duidelik dat die opvoedingsituasie in die Vaaldriehoekgebied en Vereeniging 'n grootstad situasie met 'n komplekse struktuur is. Dit skep onderwysprobleme waarvan swak skoolvordering en skoolstaking 'n belangrike deel vorm.[90] Daar is ook faktore soos armoede en soms 'n gebrek aan belangstelling van ouers wat die onderwyssituasie beïnvloed. Daar is ook gevind dat leerlinge uit gebroke huise ook in 'n meerdere mate onsuksesvol op skool was.[91]

Gedurende die tagtigerjare is die noodsaaklikheid van volgehoue programme vir onderwys en opleiding besef. Die owerheidsbesteding vir onderwys en opleiding was gedurende 1986 die grootste enkele staatsuitgawe. Die regering het hom tot 'n gekoördineerde program van onderwys en opleiding verbind om knelpunte so ver moontlik te probeer beredder.

---

84 G. Viljoen, "Educational facilities second to none", T. Oosterbroek (Ed.), ***Vaal river complex: industrial growth point of the eighties***, p.8; vgl. ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 22 July 1966: report.

85 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 18 May 1979: report.

86 G. de Beer, ***'n Ondersoek na milieu- en agtergrondfaktore*** ..., pp.1,11.

87 G. de Beer, ***'n Ondersoek na milieu- en agtergrondfaktore*** ..., pp.1,11.

88 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 30 May 1975: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 5 July 1974: report.

89 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om*** ..., p.97.

90 G. de Beer, ***'n Ondersoek na milieu- en agtergrondfaktore*** ..., pp.1,11.

91 G. de Beer, ***'n Ondersoek na milieu- en agtergrondfaktore*** ..., pp.10,13.

Daar is gedurende hierdie jare daarop aangedring dat die onderrig in sekondêre skole gestruktureer moes word en dat mense beroepsopleiding moes ontvang. Een van die stigtingsdoelwitte van die Vaaldriehoekopleidingsentrum was om aan bogenoemde behoefte te voldoen.

Die Vaaldriehoekopleidingsentrum is een van agt soortgelyke instansies in die Republiek van Suid-Afrika. Die hoofdoelwit van die Beheerraad is om tot diens van die plaaslike werkgewers te wees, asook om opleiding te koördineer en uit te bou. Die opleiding wat verskaf word is merendeels tegnies van aard. Die kursusse wat aangebied word, duur tussen twee en 35 dae.[92] Daar is egter werkgewerorganisasies wat meen dat hierdie Opleidingsentrum se standaard van opleiding moet verbeter, veral ten opsigte van vakleerling- en dryweropleiding. Daar moes ook nouer skakeling met die plaaslike werkgewerorganisasies bewerkstellig word.[93]

Die mening is ook dat technikons nie altyd tot hul reg kom nie en dat daar groter aanmoediging en finansiële ondersteuning aan universiteite moet wees.[94] Die rykdom van 'n land is geleë in sy mense en dit word ontsluit deur die opvoeding, opleiding en heropleiding van sy mense. Dit is om hierdie rede dat opleiding vandag meer aandag in Suid-Afrika as op enige ander stadium in die land se geskiedenis geniet.[95]

In hierdie opsig is Vereeniging in 'n gunstige posisie aangesien 'n groot getal onderwysinstellings 'n wye verskeidenheid onderwysdienste aan die gemeenskap lewer.

## 11.5 DIE ROL VAN SPORT- EN ONTSPANNINGSDIENSTE

Deur middel van sport en ontspanning vind 'n belangrike dienslewering plaas. Vir die volledige kultuurontwikkeling van die individu is sport en ontspanning noodsaaklik. In Vereeniging het 'n tradisie ontwikkel dat verskillende persone en instansies 'n bydrae tot sport en ontspanning gemaak het.[96]

---

92 J.P. Aucamp, ***Die bepaling van opleidingsbehoeftes en die rol*** ..., pp.4-6; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 5 March 1971: report.

93 J.P. Aucamp, ***Die bepaling van opleidingsbehoeftes en die rol*** ..., p.115.

94 P.W. Stoker & C.J. Taljaard (samestellers), ***'n Nywerheidsperspektief*** ..., pp.20,31; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 22 April 1966: report.

95 J.P. Aucamp, ***Die bepaling van opleidingsbehoeftes en die rol*** ..., p.2.

96 ***Vereeniging News***, 22 October 1937: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 27 October 1967: report.

Hierdie tradisie het reeds vroeg ontstaan. Die waarde van die Vaalrivier is reeds vroeg deur T.N. Leslie van Vereeniging besef.[97] In 1905 is die dorpie as 'n someroord beskryf.[98] Die munisipaliteit het reeds teen 1907 die ontspanningspotensiaal van die rivier begin ontwikkel.[99] Gedurende 1909 is hierdie fasiliteit wat vir die nagenoeg 445 blanke en 456 swart inwoners ontwikkel is, soos volg beskryf:

> "The weir having been completed across the Vaal River about a mile below the Railway Bridge gives a beautiful stretch of water several miles long for boating; the Klip River and the Suikerbosch Tributaries to the Vaal can now be conveniently reached by picnic parties. Boating is much indulged in by the local inhabitants and visitors from the Rand and Pretoria. It much be noted that 2 steam launches and about 20 boats are kept for the convenience of visitors. Trees have been planted along the River and will beautify and bring the River into much prominence before long. At the starting point a very nice summer house has been constructed for public use. Fishing is much in evidence during the season."[100]

Die transportryers het sover vasgestel kon word nie georganiseerde sportsoorte beoefen nie.[101] Daar is voor en tydens die Tweede Vryheidsoorlog meer op speletjies as op formele sportbyeenkomste gekonsentreer.[102] Voor die Eerste Wêreldoorlog is sport op 'n vriendskaplike basis gespeel. Rugby, sokker, krieket, gholf, tennis, rolbal en biljart was van die eerste sportsoorte wat in Vereeniging beoefen is.[103] Alhoewel sport baie gewild was in Vereeniging gedurende die twintigerjare was die fasiliteite maar nog heel primitief.[104]

Nieteenstaande die swak fasiliteite is die eerste amptelike rugbyklub gedurende 1914 gestig.[105] Hierdie rugbyklub is deur 'n jong prokureur Kallie Rood en sy broer Tommie

---

97 A.J.G. Oosthuizen, ***'n Geografiese opname van die Vaalrivierdal*** ..., p.3; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 23 October 1964: report.

98 Anon., ***The general directory of South Africa for 1905***, p.1123.

99 Kyk hoofstuk 6, pp.143 e.vv. vir meer besonderhede.

100 Anon., ***The 'United' Transvaal directory, 1909***, p.1534.

101 Vgl. C.F. Grionum, ***Transportry, runderpes en poskoetse***, (Ou Marico: 2), pp.75 e.vv.

102 ***Vaalweekblad***, 27 October 1967: report.

103 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 16 January 1981: report.

104 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.139.

105 ***Vaalweekblad***, 27 October 1967: report.

gestig.[106] In 1916 het hierdie Dorp Football Club 'n sokkerspan op die been gebring en 'n aantal spelers het die klub in beide rugby en sokker verteenwoordig.

Die sosiale lewe van Vereeniging het na die Tweede Wêreldoorlog vinnig ontwikkel. Groot maatskappye het verskillende ontspanningsklubs gebou en met goeie sportvelde en -fasiliteite voorsien.[107] Die geweldige groei in sportklubs in ledetal hang saam met die snelle toename in inwonergetalle. Daar is gevind dat vanaf die vroeë jare sport en ontspanning in Vereeniging 'n belangrike deel van die kultuuraktiwiteite van die gemeenskap was.[108] Die motivering vir die beoefening van sport in Vereeniging het tydens 'n ondersoek die volgende redes aan die lig gebring: 'n begeerte tot goeie gesondheid, fiksheid, genot, ontspanning, kompetisie, uitdaging en die behoefte om aktief en doelgerig betrokke te wees.[109] Sport bied ook 'n belangrike geleentheid vir sosiale kontak.[110]

Die volgende oorsigtelike beeld dui op die groot omvang van die sosiaal deelnemende sportsoorte wat in Vereeniging beoefen word. Verskeie nuwe sportsoorte het na vore getree soos bofbal, sagtebal,[111] atletiek, swem, boks, stoei, kanovaart, visvang, kolgooi, veerpyltjies, muurbal, pluimbal en tafeltennis.[112] Rolbal is by John L. Sharpe se Buiteklub, Stewarts & Lloyds, Brick & Tile, USKO en die Spoorwegpark gespeel. Tennis is by USKO, Stewarts & Lloyds, Brick & Tile, Dorpklub, Buiteklub en John L. Sharpe Buiteklub gespeel.[113] Teen 1952 het atletiek, gimnastiek en fietsry die bestaande aktiwiteite aangevul en in 1956/57 het lede by die kano- en hengelklubs aangesluit waarvoor daar by die Vaalrivier die nodige voorsiening vir deelname gemaak is.[114]

Dit is interessant dat reeds gedurende die sewentigerjare rugby een van die belangrikste sportsoorte in Vereeniging was.[115] Dit is ook belangrik vir ontwikkeling van rugby dat

---

106 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 27 October 1967: report.

107 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.194.

108 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 22 September 1972: report.

109 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 10 August 1956: report.

110 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 7 September 1956: report.

111 ***Vereeniging News***, 7 August 1954: report.

112 ***Vaalweekblad***, 27 Oktober 1967: berig.

113 ***Vaalweekblad***, 27 Oktober 1967: berig.

114 Vereeniging Amateur Sport Unie (VASU), Notules, 1944-1957.

115 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 27 April 1956: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 22 September 1972: report.

Vereeniging, Meyerton, Vanderbijlpark en Sasolburg onder die rugbybond van die Vaaldriehoek ressorteer.[116]

Die verskillende groepe en instansies wat 'n bydrae tot die ontwikkeling van sport en ontspanning in Vereeniging gelewer het, word vervolgens beskryf.[117]

Firmas soos USKO, Stewarts & Lloyds en Brick & Tile het leiding by uitbreiding van sportgronde geneem. In dieselfde mate as wat USKO baanbrekerswerk op die gebied van staalvervaardiging gelewer het, het hierdie maatskappy ook op die gebied van sport en ontspanning baanbrekerswerk gedoen. Die USKO-raad het reeds gedurende 1916 besluit om een van die houtwerksentrums by die Vaalrivierwerke in 'n ontspanningsklub in te rig.

Gedurende dieselfde jaar is daar ook besluit om 'n sokkerspan op die been te bring. USKO het op die hoek van Lesliestraat en Lewislaan oefen- en speelgeriewe vir hierdie span verskaf.[118] Op hierdie terrein het die plaaslike sokkerspan 'n toerspan van die skip ***Repulse*** met twee doele teen een verslaan. Dit was 'n groot prestasie, want 'n week tevore het die toerspan, wat die Prins van Wallis op sy Suid-Afrikaanse toer vergesel het, 'n sterk Transvaalse span geklop.[119]

Vanaf die vroegste jare het USKO sy werknemers aangemoedig om aktief aan al die sportsoorte deel te neem wat by die ontspanningsklubs op 'n georganiseerde basis aangebied is. USKO het gepoog om die nodige geriewe vir sportsoorte te verskaf.[120] Kolonel Rood het hom beywer om die ontspanningsklub doelmatig te ontwikkel, aangesien hy van mening was dat genoegsame ontspanning en 'n goeie sosiale lewe buite werksverband vir die werknemers geskep moes word. Op 10 Januarie 1933, met die amptelike opening van die ontspanningsklub, het hierdie ideale van kolonel Rood gestalte gekry.

---

116 A. Nieuwoudt, "'n Model vir die verkenning ...", pp.73-84.

117 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 16 January 1981: report.

118 A.J. Gouws, ***Die historiese ontwikkeling van die Unie-Staal-Korporasie ...***, pp.102,104.

119 ***Vereeniging News***, 17 February 1938: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 16 January 1981: report.

120 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.17.

Dit was vir USKO 'n prestasie dat daar gedurende 1953 alreeds 11 sportsoorte onder die klub gesorteer het. Dit het sportsoorte soos sokker, rugby, krieket, tennis, pluimbal, rolbal, boks, sagtebal, snoeker, visvang en tennis ingesluit.[121]

Deur volgehoue finansiële ondersteuning van USKO het hierdie klub inderdaad teen 1965 oor van die modernste sportfasiliteite beskik wat in Suid-Afrika beskikbaar was. Hierdie fasiliteite het afgesien van 'n pragtige klubgebou uit 11 rugbyvelde, sokkervelde, tennisbane, rolbalbane, muurbalbane, krieketvelde, sagtebalbane, bokskryte, stoeimatte, 'n biljartsaal en les bes 'n Olimpiese grootte swembad bestaan.

Sportsoorte is goed georganiseer. Elke sport is deur sy eie komitee bestuur. USKO-lede het met toewyding hul sport met gunstige gevolge beoefen. Talle USKO-lede het Springbokkleure verwerf. Dit is sportlui soos L.B.B. Betts en W.J. Walters in atletiek; J. Hanekom in stoei; H.C. Knoetsen, Gert Coetzee en Willem Ludick in boks; Avril Malan in rugby.[122]

Op hierdie wyse het USKO waarskynlik een van die mees voortreflike ontspanningsklubs in sy soort in die land aan sy werknemers voorsien. USKO se ontspanningsklub is deur die personeel ook vir danse, konserte, troues en ander gesellighede gebruik.[123]

Daar is ook heelwat sportfasiliteite in die dorpsgebied en aangrensende woonbuurte deur die stadsraad voorsien. Vosloopark wat aan die noordelike kant van die Vaalrivier geleë is, het vir gholf voorsiening gemaak. In 1915 is 'n gholfbaan vir die dorp met nege putjies uitgelê, wat as die buiteklub bekend gestaan het. In 1923 is Maccauvlei-golfbaan met 18 putjies aan die Vrystaatkant van die Vaalrivier uitgelê, waarna Vereeniging met twee gholfbane kon spog.[124]

Van Riebeeckpark, op die Transvaalse oewer van die Vaal, het die middelpunt van die bootsport in Vereeniging geword. Die beoefening van hierdie watersport het die totstandkoming van 'n roeiklub, 'n kanoklub en 'n florerende bootbounywerheid tot gevolg gehad.[125] Die kanoklub is in 1939 en die Vaal Canoe Club in 1946 gestig. By die bootlandingsplek was altyd 'n reeks vaartuie beskikbaar wat gehuur kon word. Plesierbote

---

121 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 16 January 1981: report; *Vereeniging News*, 28 June 1940: report.

122 A.J. Gouws, *Die historiese ontwikkeling van die Unie-Staal-Korporasie ...*, pp.104,105.

123 Anon., *Dagboek van Britse immigrant*, p.140.

124 *Vaalweekblad*, 27 October 1967: report.

125 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 9 March 1973: report; *The Vereeniging Leader*, 4 March 1939: report; *Vereeniging News*, 22 March 1946: report.

het toeriste vir ritte oor die breë watervlak tussen oewers geneem wat met Treurwilgers oortrek is.[126] Die breë stroom van die Vaal is dikwels vir bootwedrenne en waterskisport gebruik.[127] Die Vaalrivier is ook in die omgewing van die dorp, vir sy binnelandse hengelplekke bekend. Dickinsonpark het in 'n mekka vir die woonwageesdriftiges ontwikkel.

Daar is ook 'n goeie infrastruktuur by Vosloopark, Van Eedenpark en die Dick Fouriestadion vir sport- en ontspanningsfasiliteite op 'n wye vlak geskep. Dick Fouriestadion maak vir mans- en dameshokkie, krieket, voetbal en atletiek voorsiening. Krieket is ook by die hospitaalgronde en by verskillende skole gespeel.[128]

Presidentpark, twee blokke wes van die markplein, beskik oor 'n kinderspeelterrein en rugby- en sokkervelde.[129] Op Lewispark meet die dorp se hokkie- en korfbalpelers kragte en daar word sake ook op die tennisbane uitgespook. Op Brandmullerpark is fasiliteite vir die beoefening van jukskei, korfbal en stoei beskikbaar gestel.[130] Joubertpark maak vir rolbal voorsiening. 'n Poloveld is in Sonlandpark en hengelfasiliteite is ook by Leeuwkuilpan beskikbaar. Die Roshnee-sportterrein maak vir krieket en tennis voorsiening terwyl daar in Rust-ter-Vaal vir die Kleurlinge vir tennis en sokker voorsiening gemaak is.[131]

Die munisipale swembad is sentraal binne die dorp tussen tuine en grasperke geleë, waar ook 'n kinderspeelterrein met 'n plaspoel en miniatuur vermaaklikheidspark vir kinders opgerig is.[132]

In Vereeniging is sport aanvanklik slegs op vriendskaplike basis beoefen.[133] Mettertyd het die behoefte ontwikkel om sport op 'n breër basis te bevorder. Hierdie behoefte het in 1932 tot die stigting van 'n unieke sportorganisasie, Vereeniging Amateur Sport Unie (VASU) gelei. VASU het al tot sowat 3 500 lede gehad wat nagenoeg 15 geaffilieerde

---

126 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 27 October 1967: report.

127 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, pp.70,71; ***Vereeniging Recorder***, 21 December 1939: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 23 October 1964: report; ***The Vereeniging Leader***, 11 February 1939: report.

128 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, pp.70-75; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 1 February 1963: report.

129 ***The Vereeniging Leader***, 7 January 1939: report.

130 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 16 February 1968: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 12 March 1982: report.

131 Kyk ook hoofstuk 6, p.182 vir meer besonderhede;. Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, p.75.

132 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 16 February 1968: report.

133 ***The Vereeniging Leader***, 25 March 1939: report; ***The Vereeniging Leader***, 1 April 1939: report.

sportorganisasies in die dorp verteenwoordig het.[134] Die burgemeester, Dick Fourie, het vir baie jare as die voorsitter van die unie gedien.[135]

Die doelstellings van die VASU was om alle sportsoorte te bevorder. Die unie wou ook sportgronde beheer, geld vir uitbreiding beskikbaar stel en gronde vir sportsoorte verhuur. Die afrigting van sport en die bevordering van sport op skoolvlak was ook 'n belangrike doelstelling van VASU. Dit was ook vir VASU belangrik dat fasiliteite bewaar moet word en dat geboue daarom nie as sekuriteit gebruik mag word nie.[136]

Verskeie ander firmas en instansies in Vereeniging het fasiliteite tot hul werknemers se beskikking gestel. Soos reeds vermeld is daar by die steenkoolmyne ook fasiliteite geskep. By Viljoensdrift is daar 'n ontspanningsklub, met tennisbane en 'n sokkerveld opgerig. Krieket is byvoorbeeld by die Corneliasteenkoolmyn gespeel.[137] Corneliasteenkoolmyn het ook 'n ontspanningsaal en 'n sokkerveld vir sy werknemers gebou. Hierdie veld is met 'n steenkoolstofoppervlakte bedek.[138]

Vereeniging het ook oor 'n vliegklub wat reeds in 1934 gestig is beskik. Verskeie vliegwedrenne is deur die klub gereël.[139]

Perdewedrenne het ook 'n belangrike deel van die sport en ontspanning van die gemeenskap gevorm. Reeds in 1933 is 'n groot perdewedren gereël wat as die Henley Chase bekend gestaan het. Tydens hierdie geleentheid het 18 perde met vooraanstaande jokkies deelgeneem. Die wedren is hierna gereeld gehou.[140] Op 26 Maart 1946 is die Vaal Renbaan naby Viljoensdrift deur die administrateur van die Vrystaat, dr. S.P. Barnard, geopen. Die Administrateurs Handicap van £1,250 is hierna ingestel. Alle wedrenne op die baan het streng volgens wetgewing geskied.[141]

---

134 ***Vereeniging News***, 12 September 1952: report.

135 R.L. Leigh, ***Vereeniging: South Africa***, pp.108-110; ***Vereeniging Recorder***, 29 June 1939: report.

136 VASU, Konstitusie, 1932.

137 Anon., ***Dagboek van Britse immigrant***, pp.70-75; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 1 February 1963: report.

138 Kyk ook hoofstuk 7, pp.241 e.vv. vir meer besonderhede; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 11 August 1978: report.

139 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 22 June 1962: report.

140 ***Vereeniging News***, 6 October 1933: report; ***Vereeniging News***, 8 September 1933: report.

141 ***Vereeniging News***, 28 March 1947: report.

Riviera Aquatic Club is 'n privaatklub wat vir motorwedrenne en waterskisport voorsiening maak. Daar is selfs 'n Vaal-Modelbootklub by Bedworth Park-dam. Verskillende privaatklubs bied judo en karate aan.[142]

Die benutting van hierdie wye verskeidenheid fasiliteite wat geskep is, kan afgesien van die jarelange sosiale deelname, ook aan die prestasies op die hoogste vlak gemeet word Die volgende uitstaande prestasies van hierdie bogenoemde sportsoorte kan genoem word:

- Tobby Betts se naellope in die 1924 Parys Olimpiese Spele.
- Willie Walters se 440-tree in die Los Angeles Olimpiese Spele van 1932.
- Noel Youell se roei-item by die 1936 Olimpiese Spele in Berlyn.
- Gerald Bosch die Springbokrugbyspeler.
- Twee Springbokrugbykapteins in die persone van Abe Malan en Avril Malan.
- Willie van Heerden se spiesgooi gedurende 1955.
- Op hokkiegebied het Lorna Smith Suid-Afrika in 1956 teen Australië verteenwoordig.
- Boks het ook sy kwota Springbokke opgelewer soos Eddie Ludick in 1956 en sy broer Willie wat Suid-Afrika op die Olimpiese Spele verteenwoordig het. In 1958 het Gert Coetzee Suid-Afrika by die Rykspele in Cardiff verteenwoordig.
- Danie van der Walt en Koos Hanekom het by die 1958 Rykspele in Cardiff in stoei presteer.
- Ringtennis het nie minder as vyf Springbokke opgelewer nie.[143]

Sedert die laat tagtigerjare het Vereeniging oor moderne ontspanningsgeriewe beskik wat vir 'n wye verskeidenheid sportsoorte voorsiening gemaak het. Daar is 'n magdom organisasies, klubs en verenigings waarby die inwoners kan aansluit. Die baie ontspanningsgeriewe in parke bied geleentheid vir piekniek, wandel, fietsry, oefening en draf, waardering van die natuur en voëllewe, kinderspel, vlieërs vlieg, waar die gemeenskap hul kwaliteit van lewe kon verhoog.[144]

---

142 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om ...***, pp.130-136.

143 ***Vaalweekblad***, 27 Oktober 1967: berig; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 27 October 1967: report.

144 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 4 January 1974: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 6 March 1970: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 1 September 1972: report.

Gedurende hierdie afgelope dekade is verskeie maatreëls ingestel om die gemeenskap te motiveer om aan ontspanning en sport deel te neem. In Vereeniging is daar gepoog om in al die behoeftes van die inwoners te voldoen. Daar is byvoorbeeld benewens die bogenoemde sportfasiliteite ook vir oop areas voorsiening gemaak wat die volgende geriewe bied:

- Kampering met karavane en tente, piekniekgeriewe.[145]
- Fietsry, perdry, plesierritte, rolskaats en skaatsplankry asook die vlieg van vliegtuigmodelle.

In Vereeniging is daar egter ook negatiewe faktore wat die deelname aan sport belemmer het.[146] Respondente het sake soos werksdruk, hoë koste, swak gesondheid, geen begeerte of belangstelling nie aangevoer. Die gebrek aan fasiliteite of fasiliteite wat te ver is, is ook as redes genoem waarom inwoners nie aan sport deelneem nie. Swak onderrig en 'n gebrek aan doelgerigte programme en onveiligheid in parke is ook as redes aangevoer.[147] Al die inwoners van die dorp was nie altyd in die posisie om genoegsaam aan een of ander sportsoort of ontspanningsaktiwiteit deel te neem nie.[148] Verskeie faktore is hiervoor verantwoordelik.[149]

Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) het met 'n ondersoek na sport in die RSA tot die gevolgtrekking gekom dat onderwysdepartemente nie geneë is om skolefasiliteite ter beskikking van die gemeenskap te stel nie. Dit het 'n nadelige invloed op deelname gehad.[150]

Die gemiddelde gesin van Vereeniging se inkomste het ook 'n belangrike invloed op die gesin se deelname aan sport en ontspanning. 'n Opname het getoon dat 'n gesin met 'n gemiddelde inkomste van R35 000 per jaar min of meer R1 400 jaarliks aan ontspanning en sport spandeer. Dit is onder andere vir lidmaatskap, klere en ander benodigdhede. Slegs 'n klein hoeveelheid van hierdie mense spandeer meer as R2 000 per jaar aan hul sportbeoefening. Die gevolgtrekking word dus gemaak dat hoe laer 'n gesin se inkomste is, hoe groter is die persentasie wat vir hul basiese behoeftes benodig word, en hoe minder geld is daar vir ontspanning beskikbaar. Nog 'n ekonomiese faktor wat sport en

145 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 2 August 1968: report.

146 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 3 February 1956: report.

147 Vaalkon, *Infrastruktuur-ondersoek: sport en ontspanning*, pp.20-34.

148 Vaalkon, *Infrastruktuur-ondersoek: sport en ontspanning*, pp.19-21.

149 *Vereeniging and Vanderbijlpark News*, 25 July 1969: report.

150 Vaalkon, *Infrastruktuur-ondersoek: sport en ontspanning*, pp.8,9.

ontspanning beïnvloed is die vermoë om te kan reis ten einde aan byeenkomste deel te neem. Lede van sportklubs beskik nie oor genoegsame fondse om hul eie reis en verblyfkoste te betaal nie. Dit is ook so dat hoe hoër die gesinsinkomste is hoe hoër is die gesin se behoefte vir meer gesofistikeerde vorme van ontspanning en sport.[151] Uit hierdie gegewens is dit duidelik dat 'n persoon se ekonomiese vlak beslis sy sportdeelname beïnvloed.

Daar was ook in georganiseerde verband nadelige faktore wat die ontwikkeling van sport in die algemeen gekortwiek het:

- Klubs kon selde hulle verpligtinge teenoor VASU nakom. VASU moes gevolglik voortdurend hul lening by die munisipaliteit vergroot.

- Baie van die geld is oor die jare afgeskryf en verpligtinge is aangepas om klubs lewensvatbaar te hou. Die geweldige hoë kostes om fasiliteite te skep en te onderhou was een van die vernaamste redes hiervoor.[152]

- Die swemklub verloor lede omdat die gebrek aan 'n verhitte swembad veroorsaak dat lede op ander plekke moet oefen.[153]

Hierteenoor is dit belangrik om daarop te let dat die stadsraad reeds ruim bydraes lewer om Vereeniging se sportsoorte te ondersteun. Die volgende tabel toon by wyse van voorbeeld die bedrae van slegs twee jaar wat deur die stadsraad voorsien word.

Tabel no. 11.2: **Die uitgawe en onderhoudskoste van sport in Vereeniging**

| JAAR | UITGAWES | ONDERHOUD |
|---|---|---|
| 1982 | R278 060.12 | R222 951.91 |
| 1986 | R545 089.34 | R393 037.39[154] |

Die belangrikheid van sport en ontspanning vir kultuurontwikkeling is reeds deur die owerheid besef en gevolglik is daar sedert 1985 deur Wet no. 109 die verpligting op die

---

151 Vaalkon, ***Infrastruktuur-ondersoek: sport en ontspanning***, pp.16,20.

152 Stadsraad van Vereeniging, Finansiële state van die stadsraad, 1965-1982.

153 VASU, Notule, 28 Augustus 1979.

154 Stadsraad van Vereeniging, Finansiële state van die stadsraad, 1982, 1986.

Streekdiensterade gelê om verantwoordelikheid vir dienslewering in verband met ontspanning, biblioteke, toerisme, museums en die omgewing te aanvaar.

Die Vaaldriehoekse Streekdiensteraad moes dus riglyne opstel oor die wyse waarop ontspanning en sportvoorsiening in sy jurisdiksiegebied moes geskied. Hierdie beleid moes aan die volgende sake aandag gee:

- die finansiële steun aan organiserende liggame;
- die finansiële steun vir die oprigting van streeksfasiliteite;
- die finansiële steun aan plaaslike owerheid wat nie in staat is om basiese geriewe op te rig nie;
- die koördinering, beplanning en voorsiening van streeksfasiliteite.[155]

Ten einde doelmatiger gestalte aan hierdie ontwikkeling te het die Vaaldriehoekse Streekontwikkelingsvereniging (SOV) onder meer verskillende komitees tot stand gebring.[156] Die Koördinerende Sportkomitee van die Streekontwikkelingsvereniging waarby Vereeniging se sportadministrateurs ook betrek is, het sedert sy herinstelling in 1983 ten doel gehad om ondersoek in te stel na bestaande sportfasiliteite in die Vaaldriehoek. Hulle moes ook die ontwikkeling van streeksfasiliteite koördineer en beplan. Die komitee bestaan uit verteenwoordigers van 30 sportliggame. Daar is aan die volgende sake aandag gegee:

- die Kwaggastroom sportkompleks;
- bykomstige atletiekfasiliteite (tartanbaan);
- eenvormige kleure en wapen vir sportsoorte in die Vaaldriehoek.

Die Ontspanningswerkgroep bestaan tans uit verteenwoordigers van die stadsrade, georganiseerde handel, sport en privaatsektore, toerismebedrywe in die Vaaldriehoek en is geaffilieer met die Toerismewerkgroep van die Streeksontwikkelingsadvieskomitee (SOAK) van Streek H (die PWV-gebied). Die komitee vergader kwartaalliks en het reeds die volgende vermag:

- 'n Video oor die Vaaldriehoek van 24 minute wat by stadsklerke beskikbaar is.
- 'n Waterfees wat jaarliks suksesvol aangebied word.

---

155 Vaalkon, ***Infrastruktuur-ondersoek: sport en ontspanning***, pp.1 e.vv.

156 SOV, Jaarverslae en notules, 1983-1990.

- Kontrolemaatreëls op die Vaalrivier en veranderinge aan die gidsplan om toerisme te bevorder.

- Promosie van 'n motorresiesbaan in Meyerton.

- Die plasing van artikels in **Champagne Country**, die amptelike toerisme brosjure van Streek H.

- Die verbetering van padaanwysings in die streek.

Uit hierdie bogenoemde ontwikkeling is dit duidelik dat sport en ontspanning sedert 1985 op 'n aktiewe wyse hanteer word.[157]

Bestaande sport- en ontspanningsfasiliteite binne die Vereeniging munisipale gebied word tans deur die volgende ontspanningsterreine, sportterreine, instansies en sportliggame aangebied:

- Dick Fourie sportterrein
- USKO-ontspanningsklub
- Drie Riviere sportgronde
- ESKOM-sportterrein
- Vereeniging Buiteklub
- Brandmullerpark
- Vereeniging Swemklub
- Sonlandpark sportgronde
- Polisie Sportklub
- Vereeniging Tennisklub te Lewispark
- Vereeniging Rugbyklub te Presidentpark
- John Sharpe Rolbalklub te Joubertpark
- Drie Riviere Tennisklub te Vereeniging Hoërskool

157 Vgl. die SOV, Notules, 1985-1991.

- Randwaterraad-ontspanningsklub
- Vereeniging Refractories Ontspanningsklub
- Vosloopark wat vir kragbootwedrenne, roei, ski en hengel voorsiening maak.[158]
- John van Eedenpark wat piekniek- en hengelplekke bied.
- Dickinsonpark wat vleisbraaiplekke en 'n kinderspeelterrein verskaf.[159]
- Peacehaven-wildpark wat 'n tuiste bied vir 'n verskeidenheid diere en voëls wat besigtig kan word.
- Skippie Bothapark bied onder andere wandelpaadjies en die Vaal Teknorama, wat op hierdie park geleë is, beplan 'n verskeidenheid ontspanningsfasiliteite.[160]
- King's Ovalpark bied skaduryke grasperke vir mense wat wil ontspan.
- Mimosapark is geskik vir piekniekgangers en hengelaars.
- Daar is ook verskeie oop ruimtes in Vereeniging soos byvoorbeeld aan die noordekant van die Burgersentrum. Daar is altesaam 174 parke en talle kinderspeelterreine in die woonbuurte.[161]
- Die volgende ontspanningsfasiliteite wat uniek beskikbaar is in Vereeniging lok deelnemers uit die Vaaldriehoek:[162]
  - die Vaalskougronde vir motorwedrenne
  - die Riviera Klub
  - die Maccauvlei-ontspanningsklub[163]

---

158 M.L. Hugo e.a., ***Die potensiaal van die Vaalrivier-oewergebied vir buitelugontspanning,*** fase 1: Vredefortkoepel (ongep. verslag, Departement Stad- en Streeksbeplanning, PU vir CHO, 1980), p.22.

159 ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 18 February 1972: report; ***Vereeniging and Vanderbijlpark News***, 5 February 1971: report.

160 Kyk hoofstuk 6, p.181 vir meer besonderhede.

161 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om ...***, pp.138-142.

162 ***Vereeniging News***, 1 September 1939: report.

163 Mathey & Greeff {stads- en streeksbeplanners}, ***Vereeniging struktuurplan opgestel ...***, p.170.

- die opelugteater in Vereeniging
- die Vaalrenbaan suid van die Vaalrivier en Vereeniging
- die Vaal Teknorama wat as streeksmuseum dien
- die stadskouburg waar vermaak aangebied word.[164]

## 11.6 GEVOLGTREKKING

Hierdie verskillende instansies, klubs en organisasies wat sport- en ontspanningsdienste aan die gemeenskap van Vereeniging gelewer het, se bydrae tot die kultuurontwikkeling van die gemeenskap kan nie onderskat word nie.

---

164 Stadsraad van Vereeniging, ***Vereeniging: aansoek om*** ..., pp.138-142.